

**Skriflesing:** 2 Kron 5

**Tema:** Toegewyde gelowiges leef 'n loflied lewe!

In die tyd van 2 Kronieke 5 het Salomo net die tempel klaar gebou. Nou word die ark, as teken van die teenwoordigheid van God, in die tempel ingebring.

Dit is 'n gewyde geleentheid, waar meer kleinvee en beeste geoffer is as wat getel kan word. Wat uitstaan is die loflied wat tot eer van God gesing word.

Sing ons nog sulke lofliedere? Ons het sopas paasnaweek gehou. Ons het die dood van Christus in ons plek herdenk. Ons het die opstanding feestelik gevier. Maar weerklink ons lofliedere tot sy eer nog soos dit moet?

As hier vanoggend 'n totale vreemdeling in die erediens is, sal hy werklik lof in ons stemme hoor en in ons bymekaarwees beleef? Ek weet nie.

Leef ons loflied lewens of hang ons skouers as ons hier uitstap?

Hoe klink ons gesprekke? Klink dit anders as hulle wat die Here nie ken nie?

In 2 Kronieke 5 word die tempel met groot waardigheid en presisie ingewy. Die verbondsark word in die allerheiligste ingeneem, al die priesters reinig hulle en dan loof almal die Here. Ons maak baiekeer die fout om heiligheid en lof van mekaar te skei. Ons dink dat heilige mense nie uitbundig loof nie. Hulle is meer gedemp en gewyd. Ons moet oppas vir ou gevestigde idees wat nie Bybels is nie.

Dawid was redelik heilig en Hy het uitbundig voor die ark en met met oorgawe voor die Here gedans. Hy het gesing, gespring en Psalms geskryf, want hy kon nie anders nie.

(2 Sam 6; 1 Kron 15)

By hierdie proses om ark in tempel te sit, en niks kan meer heilig wees as die ark en tempel nie, is daar 120 trompetspelers. As ek dink hoe lekker ons op Paassondag saam met die orrel en 2 trompetspelers gesing het, kan u dink die geluid wat 120 trompetspelers maak!

Ons lees in 2 Kron 5:13 "Presies gelyk, soos een man, het die trompetblasers en die sangers die lof en dank aan die Here laat weerklink. Die klank van trompette, simbale, allerhande instrumente en die loflied ter ere van die Here het opgeklink: "Want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie."

Hier is dit duidelik dat heilige mense juis die mense is wat die Here met oorgawe dank en loof.

God wil hê dat ons Hom moet prys en alle eer aan Hom bring. In Ps 50:14a staan daar: "Lof is die offer wat jy aan God moet bring."

Maar lof is nie iets wat by my lippe begin nie. Dit begin in jou hart. Jou lippe is maar net die luidsprekers wat die lied van jou hart versterk.

Ek is bekommerd as ek hoor wat oor ons lippe kom. Ek het die afgelope week weer saamgesels met oa 'n paar dominees. Ons, en ek sluit myself in, kan baie negatief wees.

Maar alles is nie net die negatiewe en sensasionele berigte wat die koerant haal nie. Ek en jy moet deur ons lewens mooi stories gaan skryf en oortel. En daar is baie. Ek moet darem byvoeg dat na ons gesprek, ons saam gebid het. Eintlik moes ons ook 'n loflied gesing het.

'n Loflied is niks anders as ons passie vir die Here wat hoorbaar word in ons stemme nie. Ons stem is die musiekinstrument wat God vir ons almal gee. Ek weet hier is 'n paar van julle wat werklike 'n verskoning het om nie te sing nie. Maar ek wonder oor ons passie vir die Here as so baie mense nie hulle monde oopmaak as ons sing nie. Ons sing nie vir die orrel of "band" nie. Ons sing nie omdat liedere tradisioneel of modern is nie. Ons sing nie omdat die musiek juffrou gesê het dat jy kan of nie kan sing nie. Ons sing vir God. Lof is 'n offer wat jy aan God moet bring.

Ons lees in die Bybel dat lofsang begelei is met trompette en simbale, harpe, liere en allerhande instrumente. Ek weet niks van musiek nie. Die orrel is waarskynlik een van die grootse musiekinstrumente. En ek kry koue rillings van lekker as ons die Here groot maak met die orrel. Maar daar is nie iets soos 'n heilige instrument of 'n spesiale instrument vir God nie.

Die Israeliete is met allerhande musiekinstrumente begelei en hulle het nie saggies en onderlangs gesing sodat die bure nie hoor nie. Hulle het gesing! Hulle sang is hulle getuenis. Almal moes hoor dat die Here God is en dat Hy groot en goed is. So is dit vandag nog. Die wêreld moet hoor dat die Here opgestaan het en leef. Ons moet sing sodat mense God kan vind en dien.

En ons lofliedere eindig nie by ons lippe nie, ons moet dit bevestig met ons lewens. Anders word daar 'n streep deur ons lofsange getrek voor ons by die kerkdeure uitstap.

### **1. Met ons lof erken ons ons afhanklikheid v God.**

Ons loof die Here, want ons is niks en ons het niks sonder God nie.

### **2. God is op 'n besondere manier teenwoordig waar gelowiges se lofliedere opklink.**

God is altyd en oral teenwoordig. Maar ons lees in 2 Kron 5:14: "Op daardie oomblik het 'n wolk die huis van die Here gevul Daarom kon die priesters nie vir diens aantree nie. Dit was die magtige teenwoordigheid van die Here wat die tempel van God gevul het."

As ek Here loof, rig ek my gedagtes op Hom. Ek is nie besig met myself of met my eie probleme nie.

**3. In lofprysing loof ek, groter as my probleme, die Een wat probleme oplos.**

Ek gee aan Hom die eer wat Hom toekom. Daarom wil die duiwel nie dat ons die Here loof en prys nie en voorsien hy ons van allerhande “geldige” verskonings wat ons later self glo.

**4. Lofprysing verander my lewensgesteldheid.**

God vir wie ek loof, werk in my 'n vreugde en vrede wat niks of niemand kan steel nie. Daarom kan Paulus en Silas (Hand 16:25) teen middernag in die gevangenis bid en tot lof van God sing.

**Afsluiting**

Vanuit 'n lewende passievolle verhouding met Here kan ons nie anders as om Hom te loof met ons lippe, ons lewens en somer ook met die musiek wat ons luister nie. So eer en verheerlik ons Hom.

En deur jou loflied lewe, sal Hy jou en die wêreld rondom jou verander.

Amen